**SKRIFLESING:** Lukas 1:46-56
**Tema:** Sing 'n loflied sonder einde!

Die feestelikheid en vrolikheid van Kerstyd is oral waar ons gaan – in die liggies, versierings, geskenke en kersmusiek.

Vakansie en familie en kuier wat daarmee saamgaan, dra by tot die gevoel van feestelikheid. Hierdie dinge is nie verkeerd nie. Maar die hartseer is, dat as 25 Desember verby is, is die vreugde van Kersfees vir baie mense verby is tot volgende jaar. Ons bêre die dag saammet ons kersversierings.

Êrens het die vreugde en loflied van Kersfees vir baie mense 'n een dag erediens lied geword, 'n leë kort vreugde en vrolikheid wat niks meer as veldiep is nie. Na Kersfees lyk ons vreugde soos opgefrommelde geskenkpapiere, dit word in 'n swart sak gesit en weggegooi.

Vir baie van ons geld vir die res van die jaar die volgende aanhaling van Billy Graham: "Daar is meer vreugde in die swaai van my hond se stert as op die gesigte van baie Christene."

Maria se loflied fokus op vreugde wat niks of niemand by ons kan wegneem nie. Haar vreugde is groter as haar omstandighede.

Haar lewe het normaal, amper vervelig en glad verloop, totdat die engel Gabriël haar besoek het. Sy was jonk, sommige bronne beweer so jonk as 13 of 14 jaar en het geen sosiale status gehad nie. Sy het kort tevore verloof geraak aan die timmerman Josef en het uitgesien na hul getroude lewe. Maar alles sou onherroeplik verander.

Sy het nie eintlik rede gehad om die Here te loof nie. Sy was 'n arm jong ongetroude meisie wat swanger geword het. Wat gaan die mense van haar sê? Wat gaan haar verloofde sê? Hy kon haar net so gelos en weggestap het. As haar ouers haar nie wou terugvat nie, was sy op straat en aan haar eie lot oorgelaat.

Haar loflied gaan nie oor haar of haar onmiddelike situasie nie. Dit gaan oor die Here en sy omgee vir almal van ons. Maria kyk weg van haarself en jubel oor die Here, oor wie Hy is. Sy maak die Naam van die Here groot want:

- Die Here is Almagtig.
- Die Here is ons Verlosser.
- Die Here is Heilig.
- Die Here is die Barmhartige, die een wat Hom oor elkeen, maar veral oor die geringes, ontferm.
- Die Here is getrou. Hy hou sy beloftes.

**1. Sy juig oor die almag van die Here.**

Maria sing oor sy grootheid. Hy is die magtige wat groot dinge, ook aan Maria, gedoen het. Hy het die onmoontlike moontlik gemaak. 'n Maagd word swanger.
God het in Maria se lewe ingegryp en alles verander. Nou staan sy in diens van die Here. Dit is wat vir haar vreugde bring.
Is hierdie God nog jou God? 'n Almagtige groot God wat in beheer is. Hy is die Skepper van hemel en aarde vir Wie die onmoontlike moontlik is en daaromvreugde elke dag soos 'n nuwe dag in my en jou lewe laat deurbreek.

**2. Maria juig oor die Here se genade – Hy is ons Verlosser.**
Dit is tog waaroor kersfees gaan!
Ons lees in Lukas 2:10-11 die boodskap van die engel aan die skaapwagters: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. [11]Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!"

Hy is ons Verlosser wat met sy vernuwende krag die vervalle mensdom kom red.

**3. Maria juig oor die Here se Heiligheid – Hy is volmaak en sondeloos.**
In Open 4:8 lees ons dat die 4 lewende wesens om sy troon dag en nag sê:
"Heilig, heilig, heilig is die die Here God, die Almagtige."

As offer wat ons sonde vir goed kom wegneem, moet Hy volmaak en sondeloos wees. Van Hom lees ons in 2 Korintiers 5:21: "Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees."

**4. Maria juig omdat die Here barmhartig is.**
Ons lees in die Skrifgedeelte: Hy "verhoog" geringes; "oorlaai" behoeftiges; kom Israel te hulp en "dink aan" sy beloftes van onttferming oor geslagte heen.

Hy is die Een wat Hom oor elkeen, maar veral oor die geringes, ontferm. In "die Boodskap" vertaling sê Maria onder andere: "Ek is glad nie belangrik nie, ek is maar een van God se diensmeisies, tog het Hy my raakgesien. Die Almagtige het groot dinge aan my gedoen."

Geringes, soos Maria, by wie jy sal verbystap sonder om tweemaal te kyk en mense soos ek en jy is vir Hom belangrik. Honger mense laat Hy by sy feesmaal aansit. Hy oorlaai hulle met sy goeie gawes terwyl rykes met leë hande sal wegstap.

Die Here het niks teen ryk mense nie. Hy is teen ryk mense, en arm mense, wat nie ook ryk is in Hom nie. Hy sal almal wat te min van God en te veel van hulself dink met sy kragtige armvan hulle trone afruk en oor die aarde verstrooi.
Hy sal hulle wat hul eie God geword het, wat nie opkyk na God nie en daarom afkyk op ander, vernietig.

Die Here het nie witbroodjies nie. Hy het 'n hart vir alle mense. Uit die Lukas evangelie kan ons egter 'n saak uitmaak dat God 'n spesiale plek in sy hart het vir die geringes, hulle wat gebrek ly, hulle wat oor Kerstyd swaarkry en alleen is.
Die Here kom op 'n spesiale manier vir die "underdogs" en kom keer die wêreldorde om. Hy oorlaai die wat arm, eenvoudig, hartseer, nietig en verdruk is, die behoeftiges, met sy goeie gawes.

**5. Maria juig want die Here is getrou – hou sy beloftes.**
In Lukas 1:54-55 lees ons in "die Boodskap: "God het sy volk Israel baie jammer gekry en hulle tot hulp gekom. Hy het nooit sy beloftes vergeet wat hy aan hulle gemaak het nie. Hy het sy goedheid oor hulle uitgestort, presies net soos Hy aan Abraham – en aan sy hele nageslag – belowe het. Ja, God se beloftes is altyd waar."

Dit is die diepste betekenis en grootste wonder van Kersfees. In sy Kind, verbind God Hom opnuut in liefde aan ons.

Hy is getrou. Hy hou sy beloftes. Die Kind in Maria se skoot is bewys daarvan.

Hy is Immanuel, God by ons. In ‘n verwarde en onregverdige wêreld laat Hy ons nooit alleen nie.

Ons Here is almagtig, genadig, heilig, barmhartig en getrou. Hy is lief vir almal v ons. Daarom is ons vreugde nie ‘n daglange oppervlakkige kersvrolikheid wat so lank hou soos ‘n kersete of geskenkpapier nie.

Ons vreugde is ook nie in ons omstandighede nie. Ons vreugde is in die Here. Daarom sing ons as sy kinders, saam met Maria, ‘n loflied sonder einde.
Amen.